UITGAWE 2

1 November 2024

ORANIA SAKEKAMER NUUS

deur Micayla van Wyk

Entrepreneur van die Maand

Weltevreden Dans Akademie: Lana Maree

Lana se liefde vir dans het op sesjarige ouderdom begin, maar haar gesin kon nie die finansiële las dra om haar vir dansklasse te stuur nie. Nadat sy skool verlaat het en haar eie inkomste begin verdien het, het sy self die pad van dans gevolg.

Haar talent is gou deur ’n afrigter raakgesien, wat nie net haar vermoë as danser herken het nie, maar ook haar potensiaal om hierdie kunsvorm aan ander oor te dra. Dit was by hierdie dansskool waar sy haar man ontmoet het, en saam het hulle hul passie vir dans gebruik om ander te inspireer. Toe hulle na die platteland verhuis het, het hulle ’n behoefte onder kinders ontdek om te dans, en dit het gelei tot die stigting van die Weltevreden Dansakademie.

Die pad was egter nie sonder uitdagings nie. Tyd was aanvanklik ’n groot struikelblok, veral toe hulle ses aande per week gedans het ná voltydse werksdae. Hulle het uiteindelik die moeilike besluit geneem om eerder klasse aan te bied as om voltyds professionele dansers te wees, sodat hulle ook ’n gesin kon begin en ’n beter balans in hul lewe kon handhaaf.

Hierdie besluit het hulle in staat gestel om Weltevreden Dansakademie op hul eie voorwaardes te bestuur, terwyl hulle steeds hul passie vir dans kon uitleef.

Vir Lana en haar man is dans ’n instrument om kinders se lewens te vorm. Hulle help studente om nie net fisies te groei nie, maar ook op persoonlike en geestelike vlakke. Vir Lana beteken sukses nie net om studente te sien presteer in dans nie, maar ook om hulle te sien ontwikkel in selfvertroue en selfwaarde. Om te sien hoe kinders groei van skaam en teruggetrokke tot individue vol selfvertroue, is vir haar een van die grootste belonings van haar werk.

Wat die toekoms van Weltevreden Dans Akademie betref, beplan hulle om weer klasse in verskillende dorpe aan te bied, met hul eerste toer na die Kalahari in Desember. Terwyl hulle hoofsaaklik op *“Ballroom”* en *“Latin”* fokus, het hulle onlangs begin om nuwe style soos die *“Shuffle”* in te voer, met hul dogter as afrigter. Met hierdie uitbreiding hoop hulle om nog meer mense te bereik en voort te gaan om nie net dans nie, maar ook lewensvaardighede oor te dra.

Bo-Karoo Opleiding: 'n Kykie na 2025 se Nuus en Geleenthede

Bo-Karoo Opleiding (BKO) berei voor vir ’n opwindende jaar met nuwe kursusse en 'n groter aantal inskrywings as ooit tevore!

Die kollege het reeds die 125-merk vir nuwe inskrywings oorskry en mik om in 2025 meer as 200 studente te verwelkom. Met 'n toename in belangstelling oor die volgende paar weke, lyk die vooruitsigte vir die kollege se groei baie belowend.

BKO stel in 2025 verskeie nuwe kursusse bekend wat daarop gemik is om studente praktiese vaardighede en 'n sterk teoretiese grondslag te bied. Onder die ambagkursusse val die Algemene Huishoudelike Herstelwerker-kursus, wat ’n NKR-vlak 3 akkreditasie dra en 32 krediete bied.

Studente word blootgestel aan basiese elektriese werk, loodgieterswerk, skrynwerk en boukundige vaardighede, wat 'n goeie basis vir die konstruksiebedryf vorm. Dit bied 'n ideale opsie vir diegene wat op ’n praktiese manier wil bydra tot infrastruktuur-ontwikkeling.

Nog 'n belangrike toevoeging is die Nasionale N-Diploma in Siviele Ingenieurswese, wat modules insluit in strukturele opnames, bourekenkunde, en administrasie. Hierdie deeltydse kursus, wat teorie sowel as praktiese werk behels, sal studente voorberei vir loopbane in bou- en strukturele ingenieurswese.

In die veld van gesondheid en welstand verwelkom BKO sy eerste groep studente vir Vroeë Kinderontwikkeling (VKO). Hierdie program berei praktisyns voor om jong kinders op ‘n holistiese wyse te ondersteun in omgewings soos kleuterskole en tuisgebaseerde programme. Die kursus plaas klem op fisiese, emosionele en sosiale ontwikkeling, wat leerders selfversekerd en gereed maak vir toekomstige leer.

Aansoeke en Sperdatums
Voornemende studente kan hul aansoeke aanlyn indien deur BKO se webwerf (https://bko.co.za/inskrywingsvorm/). Die aansoeke sluit op *31 Desember 2024*, so daar is nog tyd om aan te sluit vir ’n jaar van groei en ontwikkeling in 2025.

Opkomende Gemeenskapsgeleenthede
In die laaste twee maande van 2024 sluit BKO die jaar af met die gewilde Vlugbalfees op 8 November. Die fees, wat op die Sportterrein plaasvind, bied gratis deelname vir spanne, in ruil vir 'n donasie van 'n nie-bederfbare produk per speler vir BKO se studente-noodkas.
Die gemeenskap word uitgenooi om die aand saam met BKO te geniet met lekker musiek, kosstalletjies en braaivure vanaf 17:00. Hierdie geleentheid is 'n uitstekende manier vir die gemeenskap om betrokke te raak en saam die gees van die kollege te vier.

BKO is trots daarop om studente en die gemeenskap te ondersteun deur kwaliteit opleiding en stimulerende geleenthede te bied!

Corné Cawthorn: 'n Bou- en Siviele Ingenieurswese student

Corné Cawthorn, ons jong entrepreneur van die maand, is nie net 'n passievolle student in bou- en siviele ingenieurswese by Bo-Karoo Opleiding nie, maar ook werksaam by ORALS. Verder bestuur hy sy eie besigheid, Cawthorn Argitektoniese Tekenaars. Hy het 'n paar insiggewende antwoorde op ons vrae gegee wat sy drome en filosofieë uitlig.

1. As jy enige ingenieursprojek kon aanpak, ongeag die begroting of omvang, wat sou jy bou en waarom?
"Ek wil nie limiete op myself plaas nie - ek sal enige iets bou wat die wêreld 'n beter plek maak en die mensdom se lewens verryk. Wat dinge makliker maak vir mense."

2. Watter invloed het jou studies op jou benadering tot probleemoplossing in die werksplek, en hoe pas jy dit toe in jou alledaagse uitdagings?
"Deur na alle opsies te kyk, goed deur te dink en dan 'n besluit te neem oor hoe om die probleem op te los."

3. Wat is die waardevolste les wat jy tot dusver geleer het as ’n jong entrepreneur en student in Bou- en Siviele Ingenieurswese?
" ‘n Mens ens is nooit te oud om te leer nie. Jy moet elke nuwe geleentheid aangryp. Selfdissipline en menseverhoudings is baie belangrik in die daaglikse lewe."

4. As jy een eienskap van jouself kon uitlig wat jou tot sukses gedryf het, wat sou dit wees en hoe gebruik jy dit in jou studies en werk?
"Selfdissipline - want as jy dit nie het nie, kan jy nie 'n sukses maak van jou studies of werk nie, want beide het baie uitdagings. Deursettingsvermoë is ook belangrik. Ek glo dat jy nooit limiete op jouself moet plaas nie en in jouself moet glo."

5. Watter raad of wenke het jy vir ander studente wat ook Bou- en Siviele Ingenieurswese wil studeer of die ingenieursbedryf wil betree?
"Wees bereid om jou alles te gee, hard te werk, by ander te leer, en om deur jou foute te leer."

Corné is 'n inspirerende jong man met 'n helder toekoms. Sy drome en toewyding aan sy studies is 'n voorbeeld vir ons almal. Ons sien uit daarna om meer van hom te hoor en hoe hy die wêreld 'n beter plek gaan maak!

Belangrike Datums

1 November - Sakeontbyt
8 November - Vlugbalfees
11 November - Witkruisdag
15 November - Ontwerpers Stravaganza

dOra
Funksie Nuus

Hoe om 'n dOra beursie te skep?

volg die stappe hieronder...

STAP 1

Laai die dOra toepassing af!
Die toep is beskikbaar op Android Play Store & Apple App Store. Skandeer die QR kodes of soek vir 'dOra Digitale Beursie'.

STAP 2

Skep 'n beursie!

Spesifiseer jou e-posadres en wagwoord.



STAP 3

Verifieer jou beursie!

Verifieer jou e-pos om jou beursie te aktiveer.

STAP 4

Laai dOra's op jou beursie!
Besoek OSK Bank om dOra's te laai of Koop dOra's op die toep.



STAP 5

Gebruik jou beursie...



060 547 9585
admin@oraniasakekamer.co.za
Senbel Gebou, Saffierstraat 106, Orania, 8752

Skandeer QR kode om by Orania Sakekamer aan te sluit

Woordsoek

BOKAROO
LID
WELTEVREDEN
OPLEIDING
SAKEKAMER
DORA
ORANIA

Adverteer in die Orania Sakekamer Nuusbrief:

Ons Orania Sakekamer Nuusbrief bied 'n unieke platform vir besighede om hulle produkte en dienste te bemark aan 'n groeiende gemeenskap van ondernemings en inwoners. Hierdie nuusbrief word wyd versprei en is die ideale plek om jou besigheid in die kollig te plaas en nuwe kliënte te bereik.

Waarom in ons nuusbrief adverteer?

- Direkte blootstelling aan 'n lojale en betrokke leserspubliek.
- Bevorder jou besigheid teen bekostigbare tariewe.
- Verhoog sigbaarheid binne die Orania-gemeenskap.
-

Laat jou advertensie uitstaan in ons volgende uitgawe!

060 547 9585 / admin@oraniasakekamer.co.za

Kopiereg (C) 2024 Orania Sakekamer. Alle regte voorbehou.